Hierdie Kind

Wie sou kon dink dat eeue terug - soos die profete sê
In Bethlehem 'n Kind sou kom wat in 'n krip sou lê
Wie sou kon dink dat hierdie Kind - Maria en Josef se seun
Die sonde van die wêreld op homself sou neem
Wie sou kon dink dat hierdie Kind wat lag en speel en sing
Vir al sy maatjies in die buurt en vir ons die lig sou bring
En wie sou kon dink dat hierdie Kind vir die wêreld se pyn en nood
As Verlosser aan 'n kruis sou hang - en opstaan uit die dood
    En o ek glo. Ek glo dit gewis dat hierdie Kind die Redder is
    En o ek glo. Ek glo dit gewis dat hierdie Kind
    ons hoop en redding is

Soos die jare kom en gaan sedert daardie dag
Soek die mensheid steeds na lig. Nog nooit was dit so nag.
Volke veg teen volke - een broer teen 'n ander
Wit teen swart en swart teen wit - dit het nog nooit verander
Soveel mense wêreldwyd leef steeds in hongersnoot
En atoombomme en vigs en aborsies maak miljoene mense dood
Die dwaasheid van die mensheid word die wysheid van die uur
En strome vuil besoedeling vernietig die natuur
Maar te midde van al hierdie chaos wat ons gladnie meer kan keer
Weet my hart verseker : Hierdie Kind kom weer
    En o ek glo. Ek glo dit gewis dat hierdie Kind die Redder is
    En o ek glo. Ek glo dit gewis dat hierdie Kind
    ons hoop en redding is

Wie sou kon dink dat hierdie Kind weer eendag terug sou keer
Om as Regter te kom oordeel en as Koning te regeer
Verstaan jy nou en kan jy sien wie hierdie Kindjie is
Dat Hy die Redder die enigste hoop vir hierdie wêreld is

Dis Kersfees

Met middernag keer feestelik weer die stonde
Toe God as mens neergedaal het na ons
Om ons te bevry van die mag van sonde
en ons te red van die dood en die hel
'n Nuwe hoop vervul die hele aarde
Toe daardie nag gebore is die Heer
Kniel voor Hom neer - Kom ons loof die Heer
Dis Kersfees - dis Kersfees
Jesus is God met ons
Kersfees - dis Kersfees
Hy is Immanuel

Kom in geloof kom laat ons tot Hom nader
Tot by die krip van die heilige Kind
So het die wyse manne ook vergader
en voortgelei deur 'n ster Hom gevind
Ons sal Hom nooit ooit genoeg kan prys nie
Hy gebore het vir ons gely
Kom almal saam - kom loof die Here se naam
Dis Kersfees - dis Kersfees
Die Here het neergedaal
Kersfees - dis Kersfees
Jesus het ons kom haal

Hy is die Here - kom bring Hom lof en ere
Dis Kersfees - dis Kersfees
Loof Hom almal saam
Kersfees - dis Kersfees
Loof sy heilige naam

Stille Nag

Stille nag Heilige nag - Jesuskind lank verwag
Lig uit Lig uit die Vader se ryk
Word uit liefde aan mense gelyk
Loof die hemelse Kind
Loof die hemelse Kind

Stille nag, Heilige nag - Hemelvors ons gee ag
op die lied van die Engelekoor
Herders het dit die eerste gehoor
Juig die Redder is daar
Juig die Redder is daar

****

Stille nag, Heilige nag - Jesus Heer voor U mag
voor U ryk moet die duisternis swig
Tot in ewigheid bly U die lig
Heer gebore vir ons
Heer gebore vir ons

Herders op die ope velde

Herders op die ope velde het die nag die Engelekoor
met die blye evangelie uit die hemel aangehoor
Kom loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste heem'le
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemele

Met hul harte vol van vreugde praat hul van die Jesuskind
Herder vir die mens op aarde wat verdwaaldes soek en vind
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste heem'le
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemele

Ere in die hoogste hemel klink dit nou die wêreld deur
Liefde vrede welbehae daal in Jesus tot ons neer
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste heem'le
Kom, loof die Heer, loof die Heer, loof die Here God
in die hoogste hemele

Gloria - in excelsis Deo
Gloria - in excelsis Deo

Hoor die blye engelelied

Hoor die blye engelelied
aan die Koningseun gebied
Vrede op aarde aan God die eer
God daal tot die sondaar neer
Wil met elke hemeling ook aan God u loflied bring
Hoor die blye engelelied
aan die Koningseun gebied

Christus daar omhoog vereer
Christus ewig God en Heer
Is deur godd'lik raadsbesluit
uit 'n reine skoot gespruit
In die vlees sy needrig lot
vleesgeworde Woord van God
Mens met mense saamgetel
Jesus ons Immanuel
Hoor die blye engelelied
aan die Koningseun gebied

Hemelvors wat vrede gee
deel geregtigheid ons mee
Lig en lewe in elke land
en genesing deur Sy hand
Diep het Hy hier neergedaal
om ons uit die dood te haal
Deur sy dood word Adamskind
ewig weer met God verbind
Hoor die blye engelelied
aan die Koningseun gebied

Somerkersfees

Welkom o stille nag van vrede onder die Suiderkruis
Terwyl stemme uit die ou verlede oor sterrevelde ruis
Kersfees kom - Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Hoor jy hoe sag die klokke beier in eeue-oue taal
Kyk, selfs die nagtelike swye vertel die ou verhaal
Kersfees kom - Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Voel jy ook nou Sy warm liefde as ons die dag gedenk
Toe Hy sy Seun aan ons gestuur het. Ons grootste kersgeskenk
Kersfees kom
Kersfees kom
Gee aan God die eer
Skenk ´n helder somerkersfees aan hierdie land o Heer

Kom alle getroues

Kom alle getroues vrolik en vol vreugde
O kom in die gees nou na Bethlehem
Loof daardie Kindjie tot ons heil gebore
Kom buig nou in aanbidding (3x)
Voor Jesus die Heer

'n Kind is gebore - Loof die God van liefde
Hy kom ons verlos Hy is wonderbaar
Raadsman en Sterke - God en Vors van vrede
Kom buig nou in aanbidding (3x)
Voor Jesus die Heer

Kom lofsing die Here - want Hy is ons Koning
Vir ons word Hy mens en oorwin die dood
Hy heers met reg in die hemel en op aarde
Kom buig nou in aanbidding (3x)
Voor Jesus die Heer

Kom lofsing die Here - Loof Hom al wat lewe
Wees vrolik besing nou sy majesteit
In U Getroue bly ons ook behoue
Kom buig nou in aanbidding
Kom buig nou in aanbidding
Kom buig nou in aanbidding
Voor Jesus die Heer

Die Heiland is gebore

Die Heiland is gebore in stille Bethlehem
By blye engelsange voeg ek my hart en stem
So lief het God die wêreld gehad dat Hy sy Seun
Sy enigste gegee het as Middelaar en steun

Kom na die krip so nederig daar lê die Kindjie teer
Hy is die Spruit van Dawid Hy is ons liewe Heer
O hoor ons sing Heer Jesus en neem ons loflied aan
Dis nêrens vir ons beter as om aan U sy te staan

Word U uit sondaarsliefde 'n Kindjie swak en klein
O Jesus maak ons almal getrou aan U en rein
Wou U daar uit die hemel op aarde by ons kom woon
Dan gee ons nou ons harte aan U o Heer as troon

Bethlehems ster o wonderlig

Bethlehems ster o wonderlig
Heerlik lieflike gesig
Wyse manne kom van ver
Bethlehems ster o lieflike ster
Bethlehems ster o lieflike ster
Bethlehems ster - lieflike Ster
Leidsman na Jesus - O lieflike lieflike ster

Bethlehems ster wil ook vir my
na die Jesuskind toe lei
Want ek soek en kom van ver
Bethlehems ster o lieflike ster
Bethlehems ster o lieflike ster
Bethlehems ster - lieflike Ster
Leidsman na Jesus - O lieflike lieflike ster

Bethlehems ster Gods liefdelig
wat ons pad na Jesus rig
Lei die kinders ook van ver
Lei hul na Jesus o lieflike ster
Lei hul na Jesus o lieflike ster
Bethlehems ster - lieflike Ster
Leidsman na Jesus - O lieflike lieflike ster

By Bethlehem in winterkou

By Bethlehem in winterkou
het herders rustig wag gehou
'n Engel swewe oor die veld
Die Heer se koms kom hy vermeld
Gebore as 'n Kindjie teer
kom Hy tot ons die Hemelheer

Al juigend sing die engelkoor
'n lied van vrede laat hulle hoor
Die herders loof met hart en stem
die heilige Kind in Bethlehem
Gebore as 'n Kindjie teer
kom Hy tot ons die Hemelheer

Kom laat ons saam 'n loflied sing
aan Hom die Heiland hulde bring
Hy daal van bo tot ons neer
en maak ons vry sy naam sy eer
Gebore as 'n Kindjie teer
kom Hy tot ons die Hemelheer

O die goeie tyding

O die goeie tyding - o die blye tyding
Helder klink dit met Kersfeestyd
Diep was ons verlore - Christus is gebore
Juig dan, almal, jubel oor die saligheid

O die goeie tyding - o die blye tyding
kom met krag in die Kersfeestyd
Hy, die Hemelkoning maak by mense woning
Hy gebore in die volheid van die tyd

O die goeie tyding - o die blye tyding
oral hoor ons : "Dis Kersfeestyd"
Blye jubelkore loof die Kind gebore
Juig nou, mensdom, prys Hom tot in ewigheid

Herders in die veld

Buite die lig van ons vuurtjie se kring
het ons in die veld `n koor hoor sing
en skielik het `n man ons met `n skerp lig verblind
Gesê hy bring die goeie tyding van `n hemelse Kind
Wat vrede op aarde sou bring
Vrede op aarde sou bring

Bang en verbaas het ons stil opgestaan
ons bondeltjies gevat en na die stal toe gegaan
Ek het stilweg getwyfel oor wat ons daar sou vind
Verwonderd oor die tyding van die hemelse Kind
En al wat ek nog kon hoor
was die hemelse lied van die koor

By die stal het die Kind in doeke gelê
net soos die man met die lig in die veld dit wou hê
Dit was half of die Kindjie glimlag toe ek naby Hom kom
en ek kniel toe uit `n vreemde eerbied vir Hom
Ek het geweet Hy was waarlik die Koning
wat waarlik die vrede sou bring

Maar wie sou kon raai, terwyl Hy daar lê
watter wrede einde sy lewe sou hê
Dat hierdie klein ou voetjies die kruispad sou stap
En soldate wrede spykers in hierdie ou handjies sou kap
Dat Hy vir ons sou moes ly
aan `n kruis sou moes hang vir my

Maar nou weet ons goed - Hy het net die weg gebaan
ons weet Hy was dood, maar Hy het weer opgestaan !
Nou weet ons waaroor het die engele so gesing
Oor die verlossing wat hierdie Kindjie met sy kruisdood sou bring
Juig die Redder is daar. Juig die Redder is daar !